**Johan Moll**
Navorsingsgenoot, Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: brooksm@ufs.ac.za

DOI: https://dx.doi.org/10.18820/24150509/JCH42.v2.8
ISSN 0258-2422 (Print)
ISSN 2415-0509 (Online)
Journal for Contemporary History
2017 42(2):159-179
© UV/UFS

# WEG MET DIE WIT "DUBULA IK****R" - *DIE STEM*: ONVERSOENBARE STANDPUNTE RAKENDE SUID-AFRIKA SE NASIONALE VOLKSLIED SOOS WEERGEGEE IN PERSBERIGTE

### Abstract

*Although it was initially accepted that the inclusion of* Die Stem *in the national anthem was part of the compromise reached during the founding of the new democratic state of South Africa in 1994, many black people, and especially young blacks, are unapologetic and insistent in their demands for complete transformation. Consequently, cries for the removal of* Die Stem *(closely associated with apartheid) from the national anthem,* Nkosi Sikele' *iAfrica (in short* Nkosi*), have grown stronger, as is pointed out in this article, "Down with the white "Dubula iK****r" –* Die Stem*: Irreconcilable views regarding South Africa's national anthem as presented in press reports". Objections against the national anthem are widespread, and it emanates from many segments of the population. Agnostics and atheists object to the fact that their views are not taken into consideration or respected. Some musicologists complain that the melody of* Nkosi*' is prayer-like, in contrast to the triumphal march music of* Die Stem*. This article concludes by proferring possible resolutions in adopting a national anthem that could promote greater inclusivity, seeing that most whites show scant enthusiasm for the* Nkosi*' lyrics. They, unfortunately, distance themselves from African languages, while many black people reject the preference given to only three of the country's indigenous languages. One solution would be to change the national anthem to a purely instrumental presentation. This would entail the appointment of a representative overview panel, with an appropriate prize for best composition; the latter with the difficult commission of including elements from all South African languages' most important songs. Another solution would be to follow Zambia's example with only English lyrics in the national anthem. The question, however, is whether there is sufficient tolerance in this country to view with empathy all the legitimate protests raised against the South African national anthem. For the sake of greater unity, sacrifices will have to be made by all to respect exclusivity, giving every voice a chance to be heard, to eventually mesh this into a new whole, and in earnest follow the liberating road to an inclusive national anthem.*

**Keywords:** *Die Stem*; *Nkosi Sikele' iAfrica* (*Nkosi*); objections; defence; Economic Freedom Fighters (EFF); Steve Hofmeyr; culture; unity; English.

**Sleutelwoorde:** *Die Stem*; *Nkosi Sikele' iAfrica* (*Nkosi*); besware; verdediging; Ekonomiese Vryheidsvegters (EVV); Steve Hofmeyr; kultuur; eenheid; Engels.

## 1. INLEIDEND

ʼn Analise van mediadekking oor nasionale simbole in Suid-Afrika, en spesifiek die omstrede en emosionele kwessie van die nasionale volkslied (NVL), bring uiteenlopende besware en verwerping na vore, maar ook ondersteuning en beskerming van die aard, liriek en musiek van die NVL. In werklikheid vorm mediaberigte (en opinie-opnames waarop van die berigte gebaseer is) in die vorm van hoofartikels, joernalistieke ondersoeke en -kommentaar, briewe en openbare reaksie van ʼn wye verskeidenheid samelewingsgroepe, ʼn belangrike hedendaagse kennisbron. Kritiese ondersoek van die persberigte bring bepaalde uitdgagings vir die navorser, veral wat betref vooroordele in berigte omdat simbole soos volksliedere, kultuurverstrengeld en emosioneel kan wees. Die sienings en uitsprake wat hier ter sprake kom (en die aksent val veral op persberigte sedert 2014) met betrekking tot die posisie van die NVL, dui op duidelike voorbeelde van pro- en anti-blankgesindheid, opruiende woede by radikale swart mense oor die nalatenskap van apartheid, en op die emosionele uitwerking wat uiteenlopende belewenisse van die geskiedenis op mense het.

In hierdie ontleding word die histories-strukturele benadering gevolg, ʼn wyd aanvaarde navorsingsmetode wat in wese neerkom op ʼn inhoudsanalise van berigte oor die argumente wat in die debat oor die aanvaarbaarheid en geldigheid, al dan nie, van die NVL geopper is. Die inhoudsanalise van die berigte toon ʼn interessante verskeidenheid van rasgebaseerde standpunte, pro- en anti-transformasiesienings waarin weerstand en versoening teenoor mekaar te staan kom, en uiteenlopende kreatiewe opsies oor hoe die netelige kwessie besleg kan word. In wese staan die historiese element sentraal in hierdie aanbieding en is dit ʼn ontplooiende verhaal waarvan die uiteindelike ontwikkeling en afloop onseker bly.

## 2. DIE OORSPRONG EN FUNKSIE VAN NASIONALE VOLKSLIEDERE

ʼn Nasionale volkslied is die ekwivalent van ʼn land se wapen, vlag of leuse, maar word beskou as een van die mees emosionele nasionale simbole. In baie tale stem die woord volkslied ooreen met die Engelse woord “hymn” (lofsang aan God, of bloot godsdienstige gesang). Geen wonder dus dat baie volksliedere in die vorm van gebede voorkom, soos Brittanje se *God Save the King/Queen*, of ʼn aansporing tot stryd is, soos Frankryk se *La Marseillaise* en talle Afrika-volksliedere waarin weerstand teen kolonialisme tot uiting kom (Origins of National Anthems 2015:1).

Tans word nasionale volksliedere veral by seremoniële geleenthede soos die opening van nasionale volksvergaderings, spesiale feesdae en tydens groot nasionale sportgeleenthede gesing of bloot voorgespeel. ʼn Goeie voorbeeld

is die speel van volksliedere en die hysing van nasionale vlae tydens die internasionale vierjarige Olimpiese Spele wanneer wenners vereer word.

Die oorspronklike teks van ’n nasionale volkslied mag op ’n gegewe tydstip verwerp of aangepas word na gelang van grondliggende bewindsveranderinge en veranderende politieke omstandighede. In die geval van Suid-Afrika het die oorspronklike volkslied, soos van toepassing tydens die blanke minderheidsbewind, twee wysigings ondergaan: eerstens, vanaf *God Save the King/Queen* tydens Britse oppergesag, tot en met die aanvaarding van *Die Stem van Suid-Afrika* (kortweg *Die Stem*) na die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948; tweedens, na die demokratisering van die land in 1994, toe ’n klein gedeelte van *Die Stem* by ’n gedeelte van *Nkosi Sikele’ iAfrica* (kortweg *Nkosi*) geïnkorporeer is in ’n nuwe volkslied waarin drie van die swart inheemse tale ook geakkommodeer is.

## 3. ONTSTAAN VAN *NKOSI* EN *DIE STEM*

*Nkosi* is vir die eerste keer kort voor 1900 in die openbaar gesing en teen daardie tyd was dit reeds gevestig in swart gemeenskappe. Dit was eers nadat die African National Congress (ANC) in 1912 tot stand gekom het dat dit die “swart volkslied” geword het wat aan die einde van politieke byeenkomste gesing is (Shafto 1986:8). In 1927 het die bekende Xhosa-digter, Satwel Mqhayi, sewe bykomende verse toegevoeg en die lied in sy huidige vorm gepubliseer. Mqhayi se woorde het die doelbewuste oogmerk gehad om swart mense bewus te maak van hulle deugsaamheid en regskapenheid as volksgroep, van hulle skeppende vermoëns op kulturele gebied en hulle gawes en talente op ander lewensterreine. Die sentiment daaragter was onteenseglik nasionalisties, siende dat dit oor die oortuigings en strewes van swart mense gegaan het, maar nietemin was daar geen sweem van rassehaat in *Nkosi* te bespeur nie. Dit is primêr ’n himne waarin die Skepper gevra word om die volk se leiers in gesagsposisies met geduld en wysheid te seën (Shafto 1986:8). In 1925 is dit amptelik as die ANC se sluitinglofsang aanvaar en tydens die apartheidsjare het dit een van die politieke protesliedere geword en sou dit gaandeweg die status van die swart nie-amptelike nasionale volkslied van Suid-Afrika verkry.

*Die Stem van Suid-Afrika* is deur CJ Langenhoven in 1918 gedig en twee jaar later is die toonsetting van ds ML de Villiers aanvaar. Die lied is in 1927 gepubliseer en dit is vir die eerste keer in die openbaar in 1928 gesing met die hysing van die nasionale vlag. Daarna is dit deur die SAUK gewild gemaak toe die daaglikse programme daarmee en met *God Save the King* afgesluit is. In 1952 is ’n Engelse vertaling uit meer as 220 voorleggings gekies en in 1957 het die regering die kopiereg daarvan bekom en het *Die Stem* die amptelike Suid-Afrikaanse volkslied geword (South Africa’s National Anthem 2014:4).

## 4. WETGEWING RAKENDE DIE NASIONALE VOLKSLIED

Dit was na die demokratisering van Suid-Afrika dat *Nkosi* en *Die Stem* (die Engelse vertaling is *The Call of South Africa,* in Sotho *Pitso Ka)* in saamgestelde vorm deur die Staatspresident op 20 April 1994 in terme van die bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika (1996), en spesifiek Artikel 248(1) en Artikel 2, as nasionale volkslied geproklameer is. In terme van Artikel 4, en volgens proklamasie in die Staatskoerant, sou verkorte weergawes van *Nkosi* en *Die Stem* voortaan die Nasionale Volkslied van die land wees. Dié regeringsdokument bevat vertalings van die NVL in al elf amptelike tale, met as oogmerk om Suid-Afrikaners in staat te stel om die inhoud van die NVL in hulle eie tale te begryp (*Diamond Field Advertiser* 2010:2). Om middernag 27 April 1994 is die NVL amptelik in gebruik geneem en in die liriek daarvan word die vyf mees gesproke van die elf tale (Xhosa, Zulu, Sotho, Afrikaans en Engels) gebruik (National Anthem of South Africa:1).

## 5. DIE HOUDING TEENOOR NASIONALE SIMBOLE IN SUID-AFRIKA

Dit was veral die nuwe nasionale vlag as simbool en die idealistiese idee van ŉ Reënboognasie wat in 2006 land- en wêreldwyd gelei het tot optimisme dat die seëvierende demokrasie nie slegs politieke bevryding sou beteken nie, maar dat Suid-Afrika op die pad na eenheid en versoening geplaas is (Bornman 2006:383). In ŉ opname, gedoen in Oktober/November 1998 onder alle taal- en rassegroepe, is reeds bevind dat om trotse Suid-Afrikaners te wees en met die nuwe nasionale simbole te identifiseer, belangriker geag is deur swart Suid-Afrikaners as deur die ander Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe, insluitende blanke Afrikaanssprekendes. Die opname het ook getoon dat die Grondwet as die belangrikste nasionale simbool beskou word (Bornman 2006:383).

Dit kan nie ontken word dat die Grondwet en die nasionale simbole wel ŉ rol gespeel het onmiddellik na die verwesenliking van demokrasie in die nasiebouplan om ŉ oorkoepelende nasionale identiteit vir ŉ nuwe Suid-Afrikaanse nasie tot stand te bring en eensgesindheid onder alle groepe te probeer bevorder nie. Nasieboustrategieë wentel gewoonlik om die opvattings en oogmerke van: "een staat en een nasie binne ŉ bepaalde grondgebied en die akkommodering van subnasionale kulture en identiteite" (Bornman 2006:385). Tog is daar skrywers wat na twee vorme van nasiebou verwys: lojaliteit aan die nasie-staat as die belangrikste, en lojaliteit aan subgroepe as minder belangrik; daarteenoor groter erkenning van die etniese en rassegroeperings as die boustene vir groter eenheid waardeur multikulturalisme en etniese regte van minderheidsgroepe sterker beklemtoon word. In baie heterogene lande het die bevordering van eenheid uiters problematies geword, en dit is in die eerste

instansie die groep aan bewind wat gemaklik met die staat en sy nuwe simbole assosieer. Lojaliteit teenoor kulturele en etniese groepe in heterogene state blyk weerstandig te wees teen pogings om ’n oorkoepelende nasionale identiteit te vestig.

Die Suid-Afrikaanse regering het hom hoegenaamd nie onbetuig gelaat oor nasiebou nie, soos blyk uit ’n ANC-besprekingsdokument van 1997 waarin dit nadruklik gestel word dat die Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR) nie “versplinterde identiteite” wil bevorder nie, maar wel die “vestiging van ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse identiteit” (Bornman 2006:385). Desnieteenstaande, en ten spyte van talle pogings om groter eenheid in Suid-Afrika te skep, bly die land steeds ’n verdeelde, komplekse en heterogene samelewing met diepgesetelde etniese, kulturele, rasse-, taal- en godsdiensverskille. Al die inheemse tale weerspieël en verteenwoordig immers in ’n groot mate verskillende tradisies en kultuureienskappe.

Die opnames van 1998 het ook getoon dat simboliek soos die Reënboognasie die hoogste aantrekkingskrag onder swart kiesers gehad het, die tweede meeste onder Kleurlinge en Indiërs, en die minste onder blanke kiesers (Bornman 2006:390). Dit het ook geblyk dat talle blanke Afrikaanssprekendes nasionale eenheid aan die Afrikaanse taal gekoppel het, terwyl swart mense nasionale eenheid meer oorkoepelend beskou het as ’n faktor wat taalverskille, ras en klas oorskry. Dit was veral laasgenoemde wat hulle met die simbole van die nuwe politieke bedeling kon identifiseer. In nog ’n RGN-studie van 1999 was een van die vrae hoe belangrik die volgende nasionale simbole geag word: die Reënboognasie, die konsep van ’n Afrika-Renaissance, die Grondwet, die vlag en die nasionale volkslied. Wat Afrikaanssprekende blankes betref (en in ’n mindere mate Kleurlinge en Indiërs) is lae stemtellings van steun gevind vir die meeste van die nasionale simbole, terwyl steun vir die Grondwet relatief hoog onder alle groepe was. Die laagste persentasie steun vir al vyf simbole was onder blanke Afrikaanssprekendes, skynbaar weens hulle gevoel dat hulle belange nie meer deur die oorheersende swart regering na behore gedien word nie. Nog ’n rede kan wees dat hulle hul meer identifiseer met Westere waardes, terwyl dit wat uit en van Afrika is meer deur swart mense ondersteun, geeïs en gepropageer word, en manifesteer in eise vir transformasie en, spesifiek, dekolonisasie en Afrikanisering. Die plaaslike verkiesings van 2016 sou egter wel toon dat ook onder swart mense onvergenoegdheid met die regering aan die toeneem is (Bornman 2006:389). Baie ontleders is dit eens dat Suid-Afrika bestempel kon word as ’n: “komplekse, verdeelde en heterogene samelewing gekenmerk deur diepliggende ras-, etniese, kulturele, taal- en godsdienstige verskille wat saamval met grootskaalse sosio-ekonomiese ongelykhede” (Bornman 2006:387). Die beeld wat geskep is, was een van nasieskap wat disintegreer en afsonderlike kulture wat al sterker beklemtoon word.

As bevestiging van die swakker-wordende eenheidstrewe in die land was daar ook die toenemende heftige kritiek teen Suid-Afrika se nasionale volkslied. Die vraag het al hoe meer begin opduik of dit nie eerder vervang moet word deur iets heeltemal anders wat meer entoesiasme en veral groter deelname sou meebring. Onder positiefgesinde Suid-Afrikaners is dit oor die algemeen ŉ uitgemaakte saak dat dit noodsaaklik geword het om groter nasiebinding te verwesenlik. Uit die debat wat gevoer word, is dit duidelik dat die huidige NVL al hoe minder bindingskrag tussen die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika verteenwoordig en ŉ geleidelik onbeduidender rol speel. Die kritiek teen die liriek wentel veral om drie kwessies: die eerste en belangrikste is die feit dat *Die Stem* deel van die apartheidsverlede uitgemaak het en daarom vir talle Suid-Afrikaners, en veral jonger swartes, totaal onaanvaarbaar is; die onversoenbaarheid van die liriek en die musiek wat uit twee botsende dele bestaan en aan slegs drie van die swart inheemse tale erkenning gee; en, ten slotte, die Christelike aard daarvan.

## 6. DIE APARTHEIDSVERLEDE VAN *DIE STEM*

Die onmin oor die NVL is in werklikheid deel van ŉ veel groter debat waarin Afrikaanssprekendes se stryd oor die stand en status van Afrikaans en moedertaalonderrig ook ter sprake kom. In teenstelling met Engels, moes Afrikaans die post-apartheid demokrasie in Suid-Afrika tegemoet gaan met die skuld en agterdog van ŉ rassistiese verlede om die nek. Hierdie verlede is telkens opgehaal en in baie van die debatte en onderhandelinge, selfs op hoë akademiese vlak, is beskuldigings daaroor aangehoor en skuldgevoelens geopenbaar. Die toenemende eis vir transformasie het in sigself egter al hoe meer rasgedrewe en rasgebaseerd geword. Gevolglik het skeptisisme onder veral blankes, maar ook teenstand en ontevredenheid ingetree, juis omdat die ineenstorting van dienslewering baie met transformasie te doen het (Du Toit 2009a:2). Terwyl "verkalkte rassisme" onder ver-regse groepe skynbaar nooit omkeerbaar was nie, distansieer talle blanke Afrikaners hulle van apartheids-gevoelens en bejeën hulle Afrikanernasionalisme uiters krities.

Reeds voordat die ANC beheer oor Suid Afrika verkry het, het kultuur- en taalregte nie hoë prioriteit in die ANC se denke (en geskrifte) geniet nie, sodat beskerming van Afrikaans en Afrikaanse simbole met groot suspisie bejeën is: "as ŉ poging om die swartes te verdeel en agterlik te hou" (Scholtz 2007:14). Ook die entoesiasme in openbare konserte en hardnekkige ondersteuning van *Die Stem* word as neo-apartheid gewantrou. Die ironie is dat koloniale tale (swaar belaai met ŉ onderdrukkende en uitbuitende verlede), soos Engels Frans en Portugees, by bevrydingsbewegings in Afrika die vanselfsprekende taalkeuse tussen sprekers van die uiteenlopende Afrikatale geword het. *Die Stem* is gewantrou as ŉ oorblyfsel van die verlede, en onder die jonger geslag swartes

is een van die slagspreuke: “We don’t trust the old system: it is inherently exclusionary” (Rudolph en Majaletje 2015:31).

Die bekende filosoof, Willie Esterhuyse van Stellenbosch, se peiling en tipering van die situasie was dat Afrikaners hulle in ’n oorgangsfase bevind nadat die “pilare van die fortagtige Afrikanertempel” ineengetuimel het en dat “nuwe, meer verrykende maatskaplike kapitaal” opgebou moet word wat “nie rassisties sou wees nie” (Esterhuyse 2010:14). Daarteenoor, is daar weerstand onder blankes oor die steeds uitkringende transformasieproses wat in sigself rasgebaseerd is. Die behoud van *Die Stem* word gesteun uit teenkanting met politieke gedienstigheid en “boedel oorgee”, en weens die negatiewe gevolge wat transformasie op regeringsfunksionering op alle vlakke van die samelewing het (Du Toit 2009:8). Soos duidelik sal blyk, opper swart gemeenskappe telkens die onderdrukking en swaarkry van die apartheidsjare in die groeiende kritiek teen die NVL.

## 7. ONVERSOENBARE TEENSTRYDIGHEDE IN DIE NVL

### 7.1 Die liriek: Haal *Die Stem* uit *Nkosi Sikelela iAfrika*

Die insluiting van gedeeltes van *Die Stem* in die NVL is deur sommige swart mense as totaal onaanvaarbaar verwerp omdat dit gesien is as die “dubula [maak dood] iK****r” van die Afrikaners en daardeur as ’n onuithoudbare herinnering aan wit gewelddadigheid en onderdrukking tydens apartheid. Dit is veral die uitsprake en optrede van die volksaktivis, Steve Hofmeyer, wat vanaf 2014 die sing van *Die Stem* weer in die kollig geplaas en woede en verdeeldheid opnuut aangeblaas het (Croucamp 2014:6).

Teen 2014 het die Ekonomiese Vryheidsvegters (EVV) se toenemende gewildheid en politiek van intimidasie, sowel as die regering se korrupte en swak bestuur, pogings tot groter kohesie in die land ernstig ondermyn. Die wanordelike verval in baie dorpe en stede as gevolg van die ineenstorting van dienslewering het meer sigbaar geword en dit is heftiger en met groeiende geweld deur swart stads-, maar veral dorpsbewoners teengestaan. Hierdie frustrasie het ook oorgespoel na vyandigheid teenoor simbole wat veronderstel was om Suid-Afrikaners saam te snoer en te verenig. Die irritasievlak in die land het geleidelik al groter afmetings aangeneem en meer ontvlambaar geword (Croucamp 2014:6).

Met hierdie ontvlambare landstoestand as agtergrond, het besware vanaf 2014 uit EVV-oord teen die NVL luider en drastieser begin opklink. By meer as een geleentheid het Mbuyiseni Ndlozi, nasionale woordvoerder van die EVV, dit prontuit gestel dat daar van *Die Stem* ontslae geraak moes word weens die wrewel wat dit onder EVV-aanhangers en ander swart mense veroorsaak het. Vir hulle het hierdie lied niks anders beteken nie as die insluiting en die

aanvaarding van die Afrikaner se "apartheidsvolkslied" as deel van die NVL (Ndlozi 2014:14). By Ndlozi het daar geen twyfel bestaan dat *Die Stem* 'n "geweldgadige lied" teen swartes is wat steeds agterdog van 'n verbintenis met die verfoeilike rassistiese en separatistiese apartheidstelsel van die verlede en die geneigdheid onder blankes tot separatisme, gewek en voor die gees gebring het nie. Volgens Ndlozi het *Die Stem* in sy ritme en woorde geklink soos 'n: "musiek-ritueel van oorlog […] 'n verbintenis om te moor of te sterf in diens van die wit heerssugtige staat. Vanaf die triomfantlike beeld van ossewaens tot die bereidwilligheid om vir die vaderland te sterf, is die lied 'n toonbeeld van oorwinning" (Ndlozi 2014:14). *Die Stem* het vir hom steeds 'n denkwyse van wit opperheerskappy in die samelewing verteenwoordig wat hy prontuit as die "Dubula iK****r" van Afrikanernasionaliste bestempel het; 'n tipiese voorbeeld van "massamoordenaar-regimes" se liedere. Die feit dat *Die Stem* steeds gewild is en behoue gebly het, en selfs in die post-apartheid demokratiese opset ingesluit is, is bewys van die immer blywende baasspelerige ingesteldheid van die Afrikanerrassiste, selfs tydens die onderhandelinge vir 'n demokratiese opset in die land. Waarom moet die insluiting van *Die Stem* elke keer die Afrikaners se heerssugtige verlede aan die swart mense opdring en selfs nasionaal ten toon stel? (Ndlozi 2015:19).

Ndlozi het wel in een van sy toesprake minder driftig probeer verduidelik hoe die EVV se beswaar teen *Die Stem* nie op die verwerping van blanke Afrikaners en hulle taal gedui het nie, maar wel daarop dat swart mense afstootlike assosiasies met *Die Stem* het. Hy het erken dat daar tydens die vryheidsryd ook talle swart liedere was met die strekking om te moor en selfs te sterf vir 'n demokratiese Suid-Afrika. In en deur hierdie liedere is geweld teen blankes gepredik en een van die bekendstes daarvan was "Dubula iK****r". Die howe het die sing daarvan verbied, Vir Ndlozi is dit slegs 'n aanduiding van die beskerming wat blankes steeds deur die Suid-Afrikaanse wette beskore is, maar veral ook van blanke vrese vir swart mense. Vrees was in werklikheid die motivering vir blankes se oorspronklike eis vir, en toepassing van, aparte regeringstelsels: Daar was te veel swartes en daarom moes hulle in Bantoestans saamgegooi en buite blanke gebiede gehou word, net soos wat Israel die Palestyne met mure probeer uithou. Wat die EVV egter veral grief, is dat swart Afrikane se weerstand en verwerping van *Die Stem* nie deur hulle eie regering ernstig genoeg opgeneem word nie. Deur die volgehoue insluiting van *Die Stem* verwag die demokratiese staat van swart mense om hulle eie vrese en besware opsy te skuif en onderwerping te aanvaar sodat blankes deel van die nuwe Suid-Afrika kan voel (Ndlozi 2014:14). Ndlozi is bewus van die argument dat *Die Stem* deel van die land se erfenis is en daarom ingesluit moet word, maar so was Eugene de Kock se moorddadige optrede ook deel daarvan, en beide is erfenisse van geweld teen swartes. Dit behoort nie te gaan oor die blanke erfenis verbonde aan die lied nie, maar: "oor die boodskap daarvan en

hoe dit die meerderheid raak. *Die Stem* hoort in ’n museum − die opgaarplek van ou idees” (Ndlozi 2014:14). *Nkosi* was voldoende, maar insluiting van Afrikaans (en Engels) in die NVL het die indruk geskep dat *Nkosi* nie as voldoende beskou is nie. Deur *Die Stem* se byvoeging het dit sy ware betekenis verloor en gewelddadige reaksie onder swart mense aangehits, terwyl hulle eie lied juis die beëindiging van geweld voorstaan en bepleit. Feit is, *Nkosi* moes ter wille van en tot bevrediging van die verontregte meerderheid weer wees soos dit altyd was en selfstandig van krag bly (Rooi en Manyana 2016:6).

Die kern van bogenoemde besware teen *Die Stem* is tydens ’n onderhoud met die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) deur die leier van die EVV, Julius Malema, herhaal (*The Citizen* 2017:4). Hy het dit onomwonde gestel dat sy party vasbeslote is om vir die verwydering van *Die Stem* te agiteer. Hy het sy gegriefdheid op die lyding en onderdrukking van swart mense tydens die blankes se apartheidsheerskappy oor Suid-Afrika gebaseer. “Die ANC wil hê ons moet die taal van die onderdrukker gebruik as ons sing. Hulle wil hê ons moet die lied sing wat hulle gesing het in Vlakplaas toe hulle ons mense gemartel en doodgemaak het en dieselfde mense wat die marteling en tronkstraf oorleef het, verplig om dieselfde lied te sing wat tydens hulle marteling gesing is” (*The Citizen* 2017:4). Waarom moet die trauma van swart mense voortduur asof daar geen wet daarteen of bewussyn daarvan bestaan nie?

Totaal kontrasterend met die EVV se ernstige wrewel, was adjunkpresident Cyril Ramaphosa se standpunt en pleidooi vir verdraagsaamheid in sy toespraak op Erfenisdag, 24 September 2015 te Limpopo. In ’n sterk versoenende trant het hy die NVL verdedig omdat dit ’n gemeenskaplike erfenis dra wat deur almal, ongeag rasseverskille, gedeel kan word, en gepleit: “Erfenisdag bring ons by die kontoere van ons nasie wat die wonde en letsels toon van migrasie en slawerny. Wanneer ons die pyn en lyding van die Afrikanervroue en -kinders - en van baie Afrika-families – in konsentrasiekampe met die draai van die 20ste eeu in herinnering roep, sê ons dat hulle pyn ons pyn is en hulle verlies ons kollektiewe verlies”. Hy het erken dat die teenstrydighede van die verlede nie ontken kan word nie, maar vereniging kom deur vasberadenheid dat daar nooit weer verdrukking sal wees nie (Goba en Lobogene 2015:1). Komende van hom, is dit ook as die amptelike standpunt van die regering beskou.

Hierdie versoenende klanke het by die EVV presies die teenoorgestelde reaksie ontlok en eenvoudig daartoe gelei dat die partylede nog dringender die verwydering van *Die Stem* begin eis het. Ook is die viering van Erfenisdag verwerp omdat dit plaasvind sonder dat die grondvraagstuk opgelos is, en dit ’n vieringsdag geword het om swart mense aan: “die slaap te sus terwyl hulle steeds soos vreemdelinge in hulle geboorteland leef. Ons sing op die land, ons skilder op die land, ons dans op die land; mense sonder ’n land is soos mense sonder ’n toekoms. Erfenis moet nie gebruik word om mense gevangenes van die verlede te hou nie, maar moet dien as ’n grondvesting vir die toekoms.

Die EVV streef na die totale transformasie van die hele samelewing. Wanneer mense ekonomies vry is, sal hulle nie meer trots wees op onderdrukking deur simbole nie" (Goba en Lobogene Molatlhwa 2015:1). Meer as vier miljoen swart mense word vasgedruk in die 150 vierkante kilometer-area van Soweto en as swartes die NVL sing en spesifiek *Die Stem*, juig hulle oor niks anders nie as 'n minimale persentasie van die grondbesit in die land sonder om te besef dat *Die Stem* verder lui: "Op U Almag vas vertrouend, het ons vadere gebou, skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou, dat die erwe van ons vaad're, vir ons kinders erwe bly" (Mokoena 2015:3).

### 7.2 Kritiek teen die Christelike aard van die Volkslied

Teenstand oor die Christelike aard van die NVL het uit veral twee oorde gekom: die besware van godsdiensaanhangers uit ander geloofperspektiewe en, tweedens, nie-Christene wat hulle nie met die godsprake en heilige geeste daarin vervat, kon of wou vereenselwig nie (Goba en Lobogene 2015:1). Daar is veral besware van diegene wat Afrika-godsdienste aanhang teen *Nkosi* se Christelike waardes en norme, soos byvoorbeeld die woorde *Yehla Moya* [kom Heilige Gees] wat ook handel oor die Heilige Gees se verbintenis met Jesus Christus. Hulle probleem daarmee is dat hulle as volgelinge van Afrika-godsdienste nie Christelike waardes luidkeels wil betuig nie. Hulle besware het nie net verwerping van *Die Stem* behels nie, maar ook van *Nkosi* self. Voor die koms van die blankes was godsdiens in Suid-Afrika nie-Christelik. Waaraan die Afrika-voorvaders veral geglo het, was *uMveli Ngqangi* ('n hoër wese) en die verwikkelde kultuur van voorvadergeeste (Goba en Lobogene 2015:1).

Uit hoofde van hierdie kritiek is daar totale verwerping deur agnostici en ateïste van enige Christelike standpunte en hulle verset is ook gemik teen die feit dat hulle sienings as lojale landsbewoners nie gerespekteer word nie (De Jager 2016:6). Hulle beswaar is teen die onverdraagsaamheid teenoor hulle beskouings wat sonder meer as deel en rede vir die morele verval – die korrupsie, vigssterftes, egskeidings, staatsondersteunde aborsies, aanvaarding van homseksualiteit – beskou is. Daarenteen, het die Christelikheid van die NVL juis weer vir Christene 'n besondere betekenis, want dit impliseer gehoorsaamheid aan God se wette en die vermyding van sondige dade. Daarsonder was die mens se lewe: "een lang pad van vernietiging - totdat daar weer gesing word 'God seën Afrika'" (De Jager 2016:6).

## 8. UITKRINGENDE BESWARE TEEN DIE AARD EN INHOUD VAN DIE NVL

Vroeg in 2017 het die omstrede sanger, Steve Hofmeyr, *Die Stem* voor 'n gehoor van 40 000 tydens die Inniebos-fees gesing waartydens talle feesgangers lustig

begin saamsing het. Bewuswording van die groot entoesiasme vir die lied het Hofmeyr genoop om dit op ŉ album op te neem waarvan meer as 350 000 verkoop is. Op ŉ vraag of hy *Die Stem* sing om sy kritici nog vieser te maak, of sodat sy aanhangers dit kan saamsing, was sy antwoord: "Albei" (Nel 2014:6).

Daar was onmiddellik hewige teenreaksie uit politieke oorde en deur sekere kultuurgoepe teen Hofmeyr se optrede wat as totaal onsensitief beskou is. Dit is as ŉ politieke stelling vir blanke regses uitgekryt. Hofmeyr het egter vasgeskop dat dit nie haatspraak is nie en dit sy grondwetlike reg was om *Die Stem* te sing. Sy redenasie was dat die slaafse politieke korrektheid in die land totaal absurd geraak het en dat die lied die Afrikaner se kultuur bevestig en min met elitisme of rassisme te doen het (Engelbrecht 2014:4). Onder diegene wat *Die Stem* verdedig het, is die argument gebruik dat dit nie van ongeregtigheid spreek nie, maar van ŉ verbintenis met God en vaderland deur mense wat bereid is om hulle lewens vir die land op te offer (Engelbrecht 2014:4).

In veral swart kringe was die reaksie teen Hofmeyr se optrede fel. Kan hy dan nie begryp dat hy ŉ lied sing van ŉ geslag wat die "swart vel gehaat" het nie, was die woorde van Itumeleng Mafisa in een van sy hip-hop-liedjies (*The New Age* 2014:3). Dit was nie die eerste keer dat hy Hofmyer se "rassistiese manewales" gekritiseer het nie. Ook een van Kaapstad se kletsrymers, Jay Makopo, het keelvol geraak vir Hofmeyr se uitdagendheid en ŉ eie lied as teenvoeter gekomponeer van hoe Hofmeyr Mandela se versoeningsnalatenskap ondermyn en dat dit tyd geword het om: "vuur met vuur te bestry". Ook die veteraan jazz-speler, Jonas Gwanga, het Hofmeyr getakel omdat hy ŉ lied sing wat blanke Afrikaners se belange verteenwoordig en "van oorlog vertel". Die veteraan kunstenaar, Letta Mbulu, was geensins verbaas dat daar nog blankes was wat *Die Stem* wou sing nie, want dit vertel van grond wat gesteel is, en juis daarom behoort die lied in die kiem gesmoor te word (Mafisa 2014:3).

Hofmeyr se reaksie was bloot dat hy uiters trots gevoel het om *Die Stem* by die Inniebos-kunstefees in Mobele (Nelspruit) voor 45 000 mense te sing. "Ek sal dit weer sing en ek vra dat die banvloek op ons heiligste tradisionele lied gelig word en dat almal vry mag wees om te sing wat hulle wil solank dit nie haatspraak is of geweld verkondig nie" (Nel en Eckard 2014:3). Die reaksie van die feesbestuur was dat dit nie deel van die program was nie, dat die organiseerders onbewus was dat dit gesing sou word, en dit, weens die sensitiwiteit daarvan, nie noodwendig sou goedkeur nie. Hofmeyr het hierdie verklaring as "dweperig" uitgemaak en, wat hom betref, het die nasiebouprogram in elk geval misluk en hy het ook tot die besef gekom dat sy ja-stem vir demokrasie: "ŉ dolk in sy kultuur se rug was". *Nkosi* is wel ŉ mooi gebed, maar dit "is nie Afrikaners s'n nie" (Nel en Eckard 2014:3).

Wye kommentaar op die internet, soos in die pers gerapporteer, was ŉ duidelike aanduiding dat die kritiek en ernstige besware teen die NVL wyer gestrek het as slegs die EVV se driftige besware (South Africa's National

Anthem 2014:3). Van die belangrikste kommentaar oor die NVL was: dit is "vis nog vlees" en gedeeltes daarvan "vind geen weerklank in die nasionale psige" nie; dit weerspieël die oorheersing van bepaalde groter volksgroepe teenoor ander minderheidsgroepe en is nie verteenwoordigend van alle swart mense in die land nie; daar moet vir almal uit die elf tale voorsiening gemaak word. Die feit dat slegs vyf tale ingesluit is, (Engels, Afrikaans, Zoeloe, Xhosa en Sotho) was diskriminerend omdat al die inheemse tale gelyk behandel behoort te word; dit moet sekulêr wees sonder godsdienstige verwysings; die swart jeug van 1976 het teen Afrikaans as 'n apartheidstaal geveg en daar kan nie van hulle en ander swart mense verwag word om, solank *Die Stem* deel daarvan vorm, die nasionale volkslied te aanvaar en te sing soos wat dit tans saamgestel is nie. Zambië se voorbeeld behoort gevolg te word waar Engels as amptelike taal gekies is omdat daar soveel verskillende tale en stamme is of daar behoort vir Suid-Afrika 'n nuwe, uitsluitlik instrumentele en daarom regverdiger volkslied geskep te word (South Africa's National Anthem 2014:4).

In sy brief aan *The Times* het Justice Malala, politeke ontleder, gereageer op die voorstel van die ANC-parlementslid, Lindiwe Maseko, dat die SAUK die NVL twee keer per dag behoort uit te saai om patriotisme en groter sosiale eenheid te bevorder (Malala 2014:13). Sy het vertel hoe sy in die "tuisland" Bophuthatswana grootgeword het waar die destydse NVL twee keer per dag oor die radio en TV gespeel is. Malala het sterk te velde getrek teen Maseko se "onsinnige aanbeveling" en vertel dat hy self in Bophuthatswana opgegroei het en hoe hulle verplig was om die "eselagtige" volkslied te sing. Dieselfde skoolleerlinge wat gedwing is om dit te sing, het in opstand teen die tuislandleier gekom en duisende is gearresteer, gemartel en in die gevangenis gestop onder Mangope se diktatorskap. Die sing van die volkslied het hulle nie trou teenoor Mangope laat betoon nie en geen aspek van die sing van die volkslied kon sosiale samehorigheid bewerkstellig nie. Malala het dit as 'n totale mite afgemaak dat die sing van die NVL sosiale saamhorigheid kan bewerkstellig en beklemtoon dat, solank mense nie water, voedsel en behoorlike huisvesting het nie, saamhorigheid buite bereik was. Dit was nie wat mense sing wat saak maak nie, maar dit wat hulle waarneem van die leiers in hulle weeldemotors, weeldehuise, spogklere en duur drank en partytjies en die korrupte munisipale leiers met hulle enorme salarisse. Dit is hoe jy leef en hoe die regering na jou en jou kinders se belange en opvoeding omsien wat patriotisme en saambinding bevorder (Malala 2014:13).

Toe 50 DA-parlementslede in 'n anonieme peiling gevra is of *Die Stem* deel van die nasionale volkslied moet wees, het dit geblyk dat hulle eerder 'n antwoord vermy het as om openlik hulle voorkeure te laat blyk. Die meeste (36 uit 50) wou nie hulle mening oor die netelige kwessie te kenne gee nie. Die party is egter direk by die kwessie betrek toe Malema die weglating van *Die Stem* as een van die voorwaardes gestel het vir 'n koalisie tussen die EVV en die DA in

Johannesburg en Tshwane. Malema het te kenne gegee die leier van die DA, Mmusi Maimane, het saamgestem dat, om van swart mense te verwag om *Die Stem* te sing, so goed was as om Jode ŉ volkslied waarin Hitler figureer, te laat sing. Maimane het dit nie ontken nie en bloot gesê die kwessie van ŉ volkslied sal deur onderhandelinge en samesprekings uitgestryk moet word (Malala 2014:13).

## 9. STEUN VIR EN KRITIEK TEEN *DIE STEM*

Talle blanke stemme is gehoor ter ondersteuning van *Die Stem*, waaronder verskeie leiers uit die Afrikaanssprekende gemeenskap. In sy reaksie op Ndlozi se argument dat *Die Stem* vir talle swart mense verdelend en onaanvaarbaar is, het die uitvoerende hoof van die Federasie vir Afrikaanse Kultuur (FAK), Danie Langner, beweer *Die Stem* het lank voor apartheid taalgroepe in die land verenig. Op sy beurt het die regskenner, Marinus Wiechers, daarop gewys dat die volkslied in die Grondwet vervat is en slegs deur wysiging van laasgenoemde daaruit verwyder kan word. Die landsvlag en die volkslied het wel “simbole geword van die nuwe Suid-Afrika” en *Die Stem* is steeds vir baie mense kosbaar, was die reaksie van Dave Steward, uitvoerende hoof van die FW de Klerk-Stigting (Gerber 2014:1). Oor die feit dat die meerderheid in die land moontlik daarteen gekant is, het hy egter geen teen-argumente geopper nie. Max du Preez se standpunt was dat die EVV “krap waar dit nie jeuk nie” en net poog om aandag te trek en die voorblaaie te haal. Nogtans was hy bereid om oor die moontlikheid van ŉ nuwe volkslied te debatteer. Die VF+ het die idee van die verwydering van *Die Stem* minagtend verwerp en gewaarsku dat dit konflik tot gevolg kon hê (Gerber 2014:1).

In haar reaksie op Ndlozi se standpunt het Reeva Forman, bekende besigheidsvrou, hom daarvan beskuldig dat hy skynbaar die bydrae van die: “grootste filantroop wat die mensdom nog gesien het”, minag (Forman 2014:16). Mandela het met die insluiting van ŉ strofe van *Die Stem* meegehelp om ŉ bloedige burgeroorlg in die land te verhoed. Om genade te betoon aan wie jy oorwin het, is die grootste uiting van ware oorwinning en mensliewendheid. Die insluiting van *Die Stem* was nie neerbuiging voor ŉ skrikwekkende vroeëre bewind nie, maar ŉ versoeningsgebaar van enorme betekenis, komende uit die mond van ŉ swart leier met groter gesag om te getuig dat daar in die etos van *ubuntu* vergewe kan word (Forman 2014:16).

Selfs uit swart geledere was daar steeds steun vir *Die Stem*. Vir die bekende *struggle*-digter, Walter Serote, was die bestaande volkslied ŉ sterk grondslag vir patriotisme, sowel as ŉ betuiging dat Suid-Afrikaners bereid is om na mekaar te luister (Gerber 2014:1). Vanuit regeringskant is steun vir die NVL gemonster toe die Minister van Kuns en Kultuur, Nathi Mthethwa, middel-Julie 2014 Suid-Afrikaners versoek het om die volkslied te steun en oproepe dat

*Die Stem* verwyder word, moet teenstaan. Sy redenasie was dat Suid-Afrika nog op soek is na sy identiteit as ŉ nasie en hy was oortuig die NVL kon daartoe bydra (Mkhwanazi 2014:4).

Nog ŉ swart stem van steun was dié van L Mohale wat swaarde gekruis het met Max du Preez se uiteindelike nadruklike voorstel dat *Die Stem* weggelaat moet word (Mohale 2016:10). In sy betoog het Du Preez ŉ beroep op die leier van die DA gedoen om van *Die Stem* ontslae te raak omdat hy die leier van die meerderheid blanke kiesers is om wie se ontwil *Die Stem* in die NVL opgeneem is (Du Preez 2016:11). Hy het veral beswaar gemaak dat dit ŉ marsmusiek-ritme teenoor die psalmiese aard van *Nkosi* het. Sy voorstel vir ŉ moontlike oplossing was om Afrikaanse woorde vir ŉ melodie in dieselfde musiektrant as *Nkosi* te vind om daardeur die boodskap, sonder enige aanstoot, tuis te bring dat die NVL ŉ inklusiewe nasie verteenwoordig. Daarmee sou ook die onaanvaarbare boodskap van blanke nostalgie oor ŉ verlede met soveel pyn en woede vir swart mense verwyder word (Du Preez 2016:11).

Die samestelling van die volkslied het vir Mohale juis vrede en nasie-eenheid versimboliseer, terwyl Du Preez beweer het *Die Stem* herinner swart mense aan die "slegte verlede". Mohale het vermoed die EVV het sulke stellings oor die NVL kwytgeraak omdat hulle dit as "hulle plig as klein, radikale partytjie" gesien het om ekstreme stellings te maak en voor die voet alles wat nog aan apartheid herinner, uit te roei (Mohale 2016:10). Hoe kon Du Preez seker wees die meerderheid swart mense was teen *Die Stem* gekant? "Ek is pikswart en het apartheid beleef, maar ek stem nie saam nie. Ek was ŉ plaasjapie en het soos ŉ slaaf grootgeword, maar ek sal nie saamstem met iemand wat kom sê die [wit] boere moet nou verwyder word nie." Suid-Afrika kan nie weer "teruggestoot word na die sataniese verlede" deur die land in twee kampe te verdeel van "euwel wit en heilige swart mense nie. Ons is die reënboognasie wat die hel van die verlede beleef het" (Mohale 2016:10).

Hans du Plessis, akademikus en skrywer, en ook outeur van ŉ nuwe Afrikaanse vertaling van *Nkosi* wat in 2016 op Facebook geplaas is, het vertel van die wye reaksie wat sy vertaling van *Die Stem* uitgelok het toe bykans ŉ kwartmiljoen mense gereageer het en die meeste kommentare positief was (Cilliers 2016:3). Sy standpunt en advies vir Afrikaanssprekendes was om kalm te bly oor "die stukkie '*Stem*' in ons pragtige volkslied", en oor Du Preez se voorstel dat dit uitgehaal moes word en deur iets anders in Afrikaans vervang word. Du Plessis het daaraan herinner dat sangers soos Coenie de Villiers en Elvis Blue *Nkosi* al in Afrikaans gesing het. Hy is van mening dat enige volksgroep *Nkosi* in hulle eie taal kan vertaal en by geleentheid sing. Die geweldige belangstelling in sy opmerkings was vir hom ŉ aanduiding hoe positief mense nog oor Afrikaans is en dat hulle slegs: "leiding nodig het om iets of iemand te volg" (Cilliers 2016:3). Die geweldige gewildheid van Bok van Blerk se De la Rey-lied het dit inderdaad bevestig (Grundlingh 2007:135-154).

Hierteenoor het ’n briefskrywer gemeen volksliedere is sekerlik veronderstel om nasies te verenig; iets waarin die bestaande volkslied beslis nie geslaag het nie. Hy het gemeen diegene wat *Die Stem* wil sing, kan dit by hulle eie kultuurbyeenkomste doen soos wat daar Zoeloe- en Sotho-liedere is wat slegs by eie kultuurgeleenthede gesing word. Moontlik het die tyd aangebreek om van die huidige volkslied ontslae te raak en: “om ’n nuwe lied te skep wat musikaal reg klink en ook die land verenig” (Jacobs 2016:10).

Die agterkleindogter van CJ Langenhoven, Willemien Brűmmer (bekroonde skrywer en joernalis), het vertel van haar verskeurdheid oor *Die Stem* en hoe sy op skool so stil as moontlik was wanneer die leerlinge met groot lojaliteit staande die marsmusiek van *Die Stem* gesing het. Sy kon in daardie jare nie sover kom om te sing “Ons sal lewe ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika” nie en “Dat die erwe van ons vaadre vir ons kinders erwe bly” (Brummer 2016:16). Dit was vir haar “ondenkbaar” om te sterf vir wat *Die Stem* verteenwoordig het, net soos sy ook geweier het om saam met die juffrou vir die soldate op die grens te bid. Vir haar was *Die Stem* nie ’n goeie gedig nie omdat dit: “te blikkerig, te vol trompetgeskal, veels te eensydig in sy klem op Afrikaners se regte van die Allerhoogste” was. Dit was die idee van ’n “uitverkore volk” in die gedig wat dit so gevaarlik gemaak het en die gevaar van nasionalisme blootgelê het wanneer die welsyn van die eie groep hoër geag word as dié van ander en die Allerhoogste vir die Afrikaner ingepalm word. Sy het nie gedink Langenhoven sou veel erg gehad het aan: “Steve Hofmeyr en sy trawante wat die lied nou as ’n wekroep vir wit Suid-Afrika sing” nie. Selfs indien *Die Stem* gesuiwer word, het dit nie werklik ’n plek in die nuwe Suid-Afrika nie, omdat: “n lied nooit soos ’n slang kan vervel en sy geskiedenis kan uitvee nie”. Tog moes sy erken die lied wek steeds by haar: “eindelose heimwee – ’n lied vol van die weerloosheid van verganklikheid. Of ek dit nou wil weet of nie, dis my komvandaan, my erfenis en deel van my soos ’n litteken of geboortemerk” (Brummer 2016:16).

Hoewel algemeen besef is dat die insluiting van *Die Stem* in die NVL ’n kompromis tydens die vaslegging van die nuwe demokratiese staat was, is jong swart mense onapologeties in hulle eise vir algehele transformasie. Dit gaan onder meer oor opstand teen, en aandrang op die verwydering van simbole wat enigsins die pyn en vernedering van onderdrukking, minderwaardige behandeling, en dìt wat hierdie lied in die psige van swart mense na vore roep. Ongelukkig ervaar sekere post-1976 studente dat hulle nog steeds verneder word by opvoedkundige instellings soos die Universiteit van Stellenbosch waar daar nog in ’n sekere stadium ’n studentesentrum was wat na Langenhoven vernoem is met as sosiale spilpunt, *Die Neelsie,* ’n troetelnaam vir die skrywer van *Die Stem.*

In wese gaan die konflik oor die NVL oor blyke van ’n verbondenheid aan die kultuureie, of aanvaarding dat groter gehele belangriker is en die eie relativeer. Dit veroorsaak ’n nimmereindigende by-mekaar-verby-praat en laat die kwessie onoplosbaar voorkom. ’n Bewuswording van die kompleksiteit van

verskeidenheid, en van kultuurgoedere en tale as nietige faktore in die enormiteit van die geheel, laat rusie oor 'n volkslied absurd voorkom. Aan die ander kant noop die groter en wyer perspektief sommige juis om skuiling en geborgenheid in die intiemer kringe van die eie kultuur te soek, veral ook teen die aanslag op die kultuureie binne die ontsagwekkende werklikheid van 'n geheel wat geen einde het nie. Andere vind weer die groter geheel bevrydend en verwerp dit wat te eng en nietig voorkom. Beskerm *Die Stem*, dit is kosbare kultuureie; laat vaar *Die Stem* ter wille van die opgaan in die groter geheel van nasieskap − nuusberigte toon dat daar in hierdie diskoers min sinvolle gesprekke tussen die uiterste standpunte plaasgevind het; eerder net 'n eindelose herhaling van eie standpunte met die gepaardgaande onmin, welluidendheid en verdagmaking.

## 10. MOONTLIKE OPLOSSINGS

Indien groter en inklusiewer eenheid werklik ernstig opgeneem word, lyk dit noodsaaklik om die besware teen die NVL ernstiger en noukeuriger te bekyk en nuut te besin oor die wenslikheid om dit in sy huidige vorm te behou. Een van die argumente wat gehoor word vir die behoud daarvan is dat redelike mense tog in die meerderheid is en hulle kennelik steeds rondom die NVL skaar. Dit is egter 'n ongetoetsde stelling en daar bestaan by baie swart mense, en veral jonges, sterk agterdog oor veral Afrikaanssprekendes se welluidende besware teen, byvoorbeeld, die inperking van Afrikaans op tersiêre vlak

Hoewel Afrikaans in die 1996-Grondwet as een van die elf amptelike tale erken is, het die verloop van gebeure vanaf daardie datum getoon dat die ooreengekome beginsel van die nie-inkorting van taalregte gaandeweg ondermyn is. Afrikaans het as aanvanklike deel van die regering se gebruikstaal mettertyd verdwyn, selfs in provinsies waar dit die gebruikstaal van die meerderheid was (Steward 2007:13). Hierdie stand van sake het 'n bykans verbete houding oor die behoud van Afrikaner-kultuursimbole soos *Die Stem* meegebring

'n Belangrike stem vir regverdigheid en groter aanvaarding en begrip vir mekaar se geskiedenis en erfenisse is dié van die visepresident, Cyril Ramaphosa. Soos reeds daarop gewys, het hy dit nodig gevind om 'n pleidooi te rig aan Suid-Afrikaanse leiers uit die Afrika-gemeenskappe en die Afrikaanssprekende samelewing om na mekaar uit te reik rakende die sing van die nasionale volkslied (*The Star* 2014:5). Dit was in reaksie op joernaliste se vrae in Kaapstad of hy meen dat die weiering deur vooraanstaande Suid-Afrikaners om die volle volkslied te sing gedui het op die uitmekaarval van die land se sosiale eenheidspoging. Sy reaksie daarop was dat hy nie glo dit is aan die gebeur nie, maar hy moes terselfdertyd erken Suid-Afrika kom uit 'n gebroke verlede met wonde waarvan sommige nog met die volkslied en verwonding wat nog geheel moet word, te make het. Ramaphosa het

nadruklik verwys na Hofmeyr wat die ou en volle weergawe van *Die Stem* weer in Australië gesing het en die EVV wat dit uit die NVL wou verwyder. Hy het gepleit dat daar uitgereik moes word om mekaar se frustrasies te probeer begryp, en gebare van voortdurende versoening betuig behoort te word teenoor diegene wat voel die NVL verteenwoordig hulle nie meer nie. Hy het verwys na Mandela se destydse woorde dat die proses van nasiebou aan die gang is en dat die volkslied as geheel deur almal gesing behoort te word. Mandela het besef dat mense omgepraat en aangespoor moes word om deel te hê aan die sosiale eenheidstrewe, omdat mense geneig is om terug te val op hulle eie vooroordele. Ramaphosa het dit ook as sy taak gesien: “om uit te reik na daardie Afrikaanssprekendes en inderdaad ook baie Afrikane wat dalk voel dat ons besig is om die sosiale saamhorigheidsprojek te verloor” (*The Star* 2014:5).

Alles in ag genome, lyk dit tog na oëverblindery om te dink dat Suid-Afrika werklik oor ’n algemeen aanvaarde en wyd gerespekteerde NVL beskik. Die meeste blankes het weinig entoesiasme vir die *Nkosi*-liriek en ken dit nie omdat hulle verwyderd bly van swart tale en geen wil toon om enige van die inheemse tale te bemeester nie.

Die liefde vir die kultuureie bly ’n stremmende faktor vir wye entoesiasme oor die NVL en dit is onmoontlik om al elf amptelike tale te akkommodeer. Net so onoplosbaar is die afkeer van baie swart mense wat betref die insluiting van *Die Stem*. Daar is in werklikheid slegs een oplossing – verander die NVL in ’n instrumentale voordrag, stel ’n verteenwoordigende paneel saam en loof ’n behoorlike prys uit vir die beste komposisie wat daarin slaag om soveel elemente as moontlik van al die tale se hoofliedere daarin weerklank te laat vind. Of volg ’n ander Afrika-staat, Zambië, met sy talle volksgroepe se voorbeeld deur ’n volkslied met net Engelse woorde te aanvaar. Engels het in elk geval die algemene omgangstaal geword. Indien die woorde van die volkslied slegs in Engels is, kan baie meer Suid-Afrikaners ten minste van begin tot einde saamsing en nie, soos nou die geval by die meeste landsbewoners is, net gedeeltes saamsing, of selfs glad nie saamsing nie. Die huidige volkslied is “vis nog vlees” en seker dele daarvan vind geen of min weerklank in die nasionale psige.

Die samehorigheid wat veronderstel is om deur die NVL aangewakker te word, sal eintlik net bewerkstellig kan word indien mense mekaar op grondvlak vind. “Vrede is nie genoeg nie, daar moet vrede en geregtigheid wees. Vrede is net positief indien daar (onder meer), aanvaarbare vlakke van lewensgehalte vir almal en hoë vlakke van verdraagsamheid is”, is die wyse woorde van Willie Esterhuyse (Cilliers 2016:7). Is daar voldoende verdraagsaamheid om met empatie na die protes teen die NVL te luister en in landsbelang meer van die eie prys te gee?

Die ANC se jongste beleidsbesluit oor die NVL tydens sy nasionale beleidskonferensie in Julie 2017 in Johannesburg was dat: “Afrikaans nie

as deel van die nasionale volkslied verwyder sal word nie" (Prince 2017:2). Die omstredenheid daaroor duur egter voort en sal vorentoe sekerlik meer intens word.

## BRONNELYS

Bornman, E 2006. "National symbols and nation-building in the post-apartheid South Africa", *International Journal of Intercultural Relations* 30:383-399. https://doi.org/10.1016/j.ijintrel.2005.09.005

Brummer, W 2016. "'Die Stem': my litteken, my erfenis", *Beeld,* 3 September, p. 16.

Cilliers, S 2016a. "Taal as sodanig is nie neerdrukkend", *Volksblad*, 16 Maart, p. 7.

Cilliers, S 2016b. "Sny 'Stem': hou Afrikaans", *Volksblad,* 26 September, p. 3.

Croucamp, P 2014. "Redelike mense is ons kragbron", *Volksblad*, 29 Oktober, p. 6.

De Jager, P 2016. "Sing 'God seën Afrika' teen die verval", *Volksblad*, 1 September, p. 6.

De Bruin, P 1994. "*Nkosi Sikelel' iAfrika* is 'gebed vir mense van Afrika'", *Volksblad*, 28 April, p. 9.

*Diamond Field Advertiser* 2010. "The National Anthem of South Africa", 22 Junie, p. 2. Die Zulu, Engelse, Tswana, Tsonga, Sotho, Venda, Ndebele, Xhosa Pedi, Swazi en Afrikaanse tekste van die nasionale volkslied word weergegee.

Du Preez, M 2016. "Dink weer oor 'Die Stem'", *Die Burger*, 23 Augustus, p. 11.

Eloff, T 2015. "Plan B se kritici bly in Kamma-land", *Rapport*, 18 Oktober, p. 7.

Engelbrecht, R 2014. "Die Stem – celebration of heritage, culture, country", *Boksburg Advertiser*, 10 Julie, p. 4.

Forman, R 2014. "Dumping Afrikaans verse in Nkosi Sikelel' insults Mandela", *Sunday Independent*, 20 Julie, p. 16. [Hoofbestuurder van die bekende *REEVA Beauty and Health*.]

Gerber, J. 2014. "EVV wil *Die Stem* stilmaak", *Volksblad*, 9 Julie, p. 1.

Goba, N en M Lobogene 2015. "Die Stem out of tune", *The Times*, 25 September, p. 1.

Grundlingh, A 2007. "Die historiese in die hede: Dinamika van die De la Rey-fenomeen in Afrikanerkringe, 2006-2007", *New Contree* 53, Mei.

Jacobs, J 2015. *Volksblad*, 2 September, p. 10.

Labushcagne, F en L Eksteen 2011. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* 9de Uitgawe, Pietermaritzburg: Pharos.

Mafisa, I 2014. "How could you Hofmeyr?", *New Age*, 3 September, p. 3.

Malala, J 2014. "ANC is oblivious to history", *The Times*, 7 Julie, p. 13.

Mbuyiseni, N 2014. "Time to drop the Afrikaans verse in Nkosi Sikelel' iAfrica", *Sunday Independent*, 13 Julie, p. 14.

Mkhuma, Z 2010. "This is not the education that we fought for", *Pretoria News*, 16 Julie, p. 15.

Mkhwanazi, S 2014. "Die Stem remains", *The New Age*, 18 Julie, p. 4.

Mokoena, D 2015. "Die Stem and Nkosi Sikelel' iAfrica are equally offensive", <http://wwwnews24.com.1-5>, leesdatum 28 September 2015.

Mohale, L 2016. "EFF verkeerd oor 'Stem'", *Volksblad*, 2 September, p. 10.

National Anthem of South Africa 2014. Aanlyn beskikbaar by, <http://en.wikipedia.org/wiki/National-anthem-of-South-Africa>.

Ndlozi, M 2014. "Time to dump the Afrikaans verse in Nkosi Sikele' iAfrica", *Sunday Independent*, 13 Junie, p. 14.

Ndlozi, M 2015. "EFF calls for the removal of Die Stem from natonal anthem", *Mail & Guardian*, 24 September, p. 19.

Nel, J 2014. "Steve sing 'Die Stem' op sy nuwe album", *Die Burger*, 27 Augustus, p. 6.

Nel J en L Eckard 2014. "Steve: Daarom sing ek 'Die Stem'", *Die Burger*, 8 Julie, p. 3.

Origins of National Anthems 2015. Aanlyn beskikbaar by, <http://national-anthems.org/origins.htm>, leesdatum 20 September 2015.

Prince, L 2017. "Dít bly en dít sal waai", *Volksblad*, 6 Julie, p. 2.

Rooi, J en N Manyana 2016. "DA-LP's swyg oor *Die Stem*", *Rapport*, 28 Mei, p. 6.

Rudolph, M en M Majaletje 2015. "Universities need the right leadership", *Mail & Guardian*, 23-29 Oktober, p. 31.

South Africa's National Anthem 2014. Aanlyn beskikbaar by, <http://southafrica.co.za/about-south-africa/at-a-glance/south-africas-national-anthem>, leesdatum 7 November 2014.

Shafto, M 1986. "Black 'anthem' sings of peity and respect not racial hatred", *The Star*, 18 Oktober, p. 8.

*The Citizen* 2017. "Why Julius Malema hates 'Die Stem' so much", 6 Maart, p. 4.

*The Star* 2014. "Call to heal wounds over anthem", 25 Julie.

Van Zyl, S 2014. "'Aweregse' GPS met Steve", *Volksblad*, 3 September, p. 3.

Van der Rheede, C 2015. "Mense gee te gou moed op met plan A", *Rapport*, 18 Oktober, p. 7.

## AANHANGSEL A: TEKS VAN DIE NASIONALE VOLKSLIED

Nkosi sikelel' iAfrikaMaluphakanyisw' uphondo lwayo,
Yiswa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.
Morena boloka stjhaba se heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba se heso,
Sethjaba se South Afrika – South Afrika.
Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,
Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.

(*Diamond Field Advertiser* 22 Junie 2010:2. Dit gee ook die Zulu, Engelse, Tswana, Tsonga, Sotho, Venda, Ndebele, Xhosa, Pedi, Swazi en Afrikaanse tekste).

## AANHANGSEL B: AFRIKAANSE VERTALING VAN *NKOSI*

Seën ons Here God, seën Afrika.
Laat sy mag tot in die hemel reik,
Hoor ons as ons in gebede vra,
Seën ons in Afrika.
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Kom woon in ons, Lei ons, o Heilige Gees.
Hou U hand, o Heer, oor Afrika,
Lei ons tot eenheid en begrip,
Hoor ons as ons U om vrede vra.
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Kom woon in ons,
Lei ons, O Heilige Gees.
Seën ons Here God, seen Afrika,
Neem dan nou die boosheid van ons weg,
Maak ons van ons sonde ewig vry,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika,
Daal neer o Gees, Heilige Gees.
Daal neer o Gees, Heilige Gees,
Kom woon in ons,
Lei ons, o Heilige Gees.

(De Bruin 1994:9).